Beste BMW-inwoner,

Lidmaatskap: Bergtuin Môregloed Waverley BMWCID

Baie dankie vir u belangstelling in BMWCID, en dat u bereid is om 'n maandelikse bydrae te maak. Ons hoop dat u gou sal deel voel van hierdie inisiatief wat 'n daadwerklike verskil in ons gemeenskap maak om dit vir al die inwoners in ons area 'n veiliger plek maak om in te woon.

Hiermee meer inligting oor BMWCID: BMWCID is 'n nie-winsoogmerk gemeenskapsorganisasie, 'n Artikel 21-maatskappy. Ons is inwoners wat ons woongebied wil beveilig. BMW staan vir Bergtuin, Môregloed en Waverley. CID staan vir "City Improvement District", en "City Improvement Districts" (CIDs) is nie-winsoogmerk organisasies wat grondeienaars (belastingbetalers) in 'n spesifieke geografiese area binne in 'n munisipaliteit verteenwoordig, ingevolge munisipale wetgewing. Die stigting van 'n CID is ons langtermyn doelwit. Dit behels egter noue samewerking met die munisipaliteit/stadsraad, en onder die huidige omstandighede is dit nie haalbaar nie. Dit bly egter ons langtermyn doelwit. Intussen gaan ons voort om as 'n inwonersvereniging te funksioneer, en maak staat op vrywillige bydraes (kontant en/of dienste).

Ons werk ook in oorlêg met GPF (gemeenskapspolisiëringsforum) in die SAPD Villieria polisiëringsgebied, wat aangrensende voorstede insluit.

Ons hoofdoel is om die veiligheid van ons inwoners te verseker, met groot klem op misdaadvoorkoming. Ons strategie is om inwoners te betrek, aangesien dit die enigste volhoubare manier is om misdaad te bekamp. Ons werk ook ten nouste saam met deelnemende sekuriteitsmaatskappye as strategiese vennote, en doen spesifieke projekte saam met hulle.

Hiermee meer inligting in verband met BMWCID se inisiatiewe:

- **Radiosender en radios** vir kommunikasie tussen SAPD Villieria, sekuriteitsmaatskappye en nooddienste (noodnommer vir inwoners);
- **Kameras op strategiese punte** in die Waverley, Bergtuin en Môregloed gebied en word op 24-uur basis gemonitor**.** Daar is tans 14 kameras op strategiese plekke op om BMW se toegange te monitor. Die monitering van die kameras word deur Moot Crime Stop (MCS) behartig in gevolge 'n diensooreenkoms tussen BMWCID en MGS. Die kameras word 24h 7 dae 'n week gemonitor.
- **Patrollies deur inwoners** wat ons strate met gemerkte en ongemerkte voertuie patrolleer;
- **Radiokommunikasie** tussen bure, en gedurende patrollies. Die radioprojek word deur Klaas van der Kooi van Kilnerpark Sekuriteit hanteer;
- **Samewerking met GPF (Gemeenskapspolisiëringsforum),** aangrensende voorstede en SAPD Villieria;
- **Koekbak-projek** om aan alle polisielede van SAPD Villieria 'n koek af te lewer met hulle verjaardae ten einde samewerking met die polisie te bevorder;
- **Kommunikasie met inwoners** rakende dringende veiligheidsrisikos via e-pos, sms en interaktiewe webwerf;
- **Kom-veilig-tuis met BMWCID:** tuiskomsdiens deur BMWCID-patrollie of deelnemende sekuriteitsmatskappye (vanaf TOTAL Garage, Codonialaan Waverley)

VOORDELE VAN LIDMAATSKAP

- Sms- en e-pos kommunikasie t.o.v. aktiwiteite en verdagte voertuie/persone;
- Gratis straatnommer geverf op sypaadjie;
- Toegang tot noodnommer wat in verbinding is met sekuriteitsmaatskappye en SAPD Villieria;
- Toegang tot omvattende radio- en straatpatrollieprojek;
- Toegang tot kom-veilig-tuis diens: skakel BMWCID se noodnommer of Kilnerpark Sekuriteit se noodnommer, vanwaar hulle dan per radio sal reël dat ’n patrollieryer die inwoner by die TOTAL garage in Codonialaan ontmoet, en dan saam met hulle huis toe ry tot by hul hek. Indien ’n straapatrollievoertuig nie op daardie gegewe stadium beskikbaar is nie, sal ’n voertuig van deelnemende sekuriteitsmaatskappye per radio gevra word om die diens te lewer. Die sekuriteitsmaatskappye wat hiermee sal help is Kilnerpark Sekuriteit en MCS
- Algemene betrokkenheid en verbeterde kommunikasie met bure en ander inwoners – dit is ’n positiewe gevolg van die inisiatiewe wat reeds geimplementeer is.

Kontak my gerus per foon of per e-pos vir meer inligting.

Vriendelike groete

Christine Henning
Web: www.bmwcid.co.za
E-pos: info@bmwcid.co.za

BMWCID NOODNOMMER/EMERGENCY NUMBER: 0713745511
Navrae/Inquiries BMWCID Administratief/Administrative:
Christine Henning 071 997 2071 (slegs kantoorure/office hours 8:30-17:00)
CCTV Kameras:
Wimpie Hobbs: 082 880 2285, e-pos/e-mail: wmps68@gmail.com
Straatpatrollies/Street Patrols:
Hendrik van der Westhuizen: 082 851 8451, e-pos/e-mail: gycaltex@mweb.co.za
Radios-vir-huise/Radios-for-homes:
Hendrik van der Westhuizen: 082 851 8451, e-pos/e-mail: gycaltex@mweb.co.za
Kom-veilig-tuis/Arrive-home-safely:
BMWCID Noodnommer/Emergency: 0713745511

BMWCID-LIDMAATSKAP AANSOEKVORM

Naam & Van: .....
Straatadres: .....
Sel: ..... Werk: ..... Huis: .....
E-pos: .....
U beroep of area van spesialisasie: .....
Merk asseblief wat van toepassing is:

	JA	NEE
Is u bereid om BMWCID op vrywillige basis by te staan?		
Sal u graag 'n radio wil aanskaf? Koste van radio R1450.00 + R100 lisensiefooi		
Sal u bereid wees om patrollies te ry?		
Wil u 'n gratis reflekterende straatnommerbord ontvang?		
Wil u per sms ingelig word oor moontlike veiligheidsrisikos?		

INTERNET BETALINGS/PAYMENTS
BMWCID, ABSA Ben Swart (334645) Rek no. 4071822786 (meld u van en voorletters as verwysing en stuur 'n sms aan 0719972071 om te bevestig)

DEBIETORDERINSTRUKSIE EN MAGTIGING (Voltooi slegs vir debietorder)
Hiermee magtig ek die ondergetekende,

Van

Volle Name

ID/Reg. Nr.

Posadres

Poskode

Telefoonnommer Faks:

E-pos

Sel

die **BERGTUIN MOREGLOED WAVERLEY CITY IMPROVEMENT DISTRICT**
om die dienste te gebruik van STRATCOL (PTY) LTD om 'n trekking te maak teen my bankrekening te:

BANK NAAM: TAK NAAM: TAKKODE:

REKENINGNOMMER Tipe

Die bedrag van Beginnende op

en daarna ieder en elke maand op die dag van die maand tot en met kansellasie van hierdie ooreenkoms

Handtekening: ..... Datum: .....